# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054

Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## NUUSBRIEF 1 / 2014

# DIE BESTUUR VIR 2014

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | **VOORSITTER**<br>**Theron Wessels**<br>Sel: 082 464 2596<br>Tel: 014 743 1171 |  | **ONDER-VOORSITTER**<br>**Martiens van Staden**<br>Sel: 082 856 7149<br>Tel: 014 743 3322 |
|  | **SEKRETARIS**<br>**Daleen Rautenbach**<br>Sel: 082 458 5066<br>Tel: 014 743 2174 |  | **REKENKUNDIGE BEAMPTE**<br>**Nic Pretorius**<br>Tel: 014 743 0667 |
|  | **VERSAMELAARS**<br>**Charles Bresler**<br>Sel: 083 269 4790 |  | **TOEGEWYDE JAGTERS & BAANOFFISIERE**<br>**Fred Earle**<br>Sel: 082 771 4584<br>Tel: 014 743 2174 |
|  | **ADMINISTRATIEWE BEAMPTE**<br>**Elbie Kruger**<br>**BWAV** Kantoor te D.I.Y Gebou<br>4de Straat nr 17, Naboomspruit<br>Posbus 251<br>Naboomspruit, 0560 | | Tel: 014 743 2174<br>Faks: 014 743 1990<br>Epos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com |

## ALGEMENE JAARVERGADERING

**Ons Algemene Jaarvergadering wat op die 7de Februarie 2014 gehou was, het baie voorspoedig afgeloop. Baie dankie aan al die lede wat teenwoordig was.**
**Die Notule van die vergadering word vir u aandag hieraan geheg. Lees dit asb. deur, daar is belangrike besluite geneem gedurende die vergadering.**

## SPORTSKIET EN VERSAMELAARS AKTIWITEITE:

Die eerste Sportskietdag vir die jaar het uitgereën, maar wil ons steeds dankie sê vir die lede wat opgedaag het en hul ledegeld betaal het.

Ek herinner julle dan aan die Bosveldskiet van die 15de Maart 2014.

## VERSAMELAARS AKTIWITEITE

U moet **drie(3)** aktiwiteite elke jaar bewys.

Ons versoek u om te let op die volgende aktiwiteite wat deur die BWAV **erken** word:

Daar is vyf datums op die jaarprogram vir versamelaars aktiwiteite uitgesonder. U sal merk dat dit op bestaande “Sportskiet” datums is, m.a.w. u kan aan beide aktiwiteite deelneem op een dag en erkenning vir beide kry. Die versamelaars aktiwiteit sal wees vanaf 10 tot 11 uur.

Die aktiwiteite wat aangebied word sluit die volgende in:

- gassprekers
- demonstrasies
- uitstallings deur mede-versamelaars, handelaars, wapensmede, ens.

U kan met 'n versamelstuk kom skiet op 'n **BWAV "Sportskiet" dag op MASADA skietbaan** en sodoende erkenning kry. Neem kennis dat dit een van u versamelstukke moet wees. Vra vir die BWAV Baan Offisier om n volledige aantekening te maak op die "Bewys van versamelaars aktiwiteite" vorm t.o.v die wapen besonderhede en daarby te teken.

Ons besef dat daar heelwat lede is wat ver van Naboomspruit af bly en het dit goedgedink om selfs **sekere** aktiwiteite wat deur ander instansies aangebied word erkenning te gee. Die lede wat dus nie aktiwiteite by die vereniging kan bywoon nie, het die geleentheid om hulle aktiwiteite op ander maniere by te bring.

**Voorbeelde van sulke aktiwiteite:**

-besoek aan 'n museum waar wapens op uitstalling is, bv. die Johannesburgse Oorlog Museum bied gereeld uitstallings en derglike aktiwiteite aan.
-besoek aan ander wapen- en ammunisie versamelaars verenigings aktiwiteite, bv. Pretoria Wapen en Ammunisie Vereniging, ens.
-besoek aan 'n wapen veiling, soos gehou deur Classic Arms.
-besoek aan die "Aim of Huntex Expo".

Indien u 'n "Versamelstuk van die jaar" inskryf sal u ook erkenning kry. Die inskrywing is egter nie verpligtend nie.

Ons verwys u na die "Bewys van versamelaars aktiwiteite" dokument en spesifiek na die laaste twee kolomme. Dit is 'n kontrole maatstaf en vereis die besonderhede en handtekening van 'n persoon by die instansie waar u die aktiwiteit bywoon. Indien dit nie bekom kan word nie, heg n dokumentêre bewys aan, bv. n toegangs kaartjie.

Dit is van kardinale belang dat u die "Bewys van versamelaars aktiwiteite" dokument op datum sal hou. 'n Afskrif moet aan die einde van elke jaar deurgestuur word na die BWAV kantoor waar dit op u lêer geliaseer sal word en sodoende sal u 'n geskiedenis opbou.

Indien u nie seker is of n aktiwiteit erkenning gaan kry nie, kontak gerus die kantoor.

**Kremetart skietdag op 31 Mei 2014**

Dit is 'n dag waar u net met versamelstukke kan skiet. Verdere inligting sal vir u deurgegee word. Neem net kennis van die nuwe toevoeging tot die Jaarprogram.

## *GESKIEDENIS BROKKIE:*

## BLASER GEWEER



Die geweersmit, Horst Blaser, het sy visie 'n werklikheid gemaak in 1957, deur die ontwikkeling van 'n ligte, maar steeds veilige geweer/haelgeweer kombinasie. Baie van die komponente was saamgestel in Ferlach, Austria. 'n Nuwe enkelslot, met 'n handleiding oorhaal sneller, het die geweer sy maksimum veiligheid gegee, wat eie is aan Blaser gewere. 'n Klasieke klou montering was ook gebruik.



R8 "Klavinius"



F3 "Klavinius"

Die nuwe R8 Professionele suksesvolle Stutzen, verteenwoordig homself as 'n unieke kombinasie van sy tradisionele vorm en perfekte ergonome, vir beter skiet resultate. Dis ook beskikbaar in magnum kalibers.

## BAAN OFFISIERE:

**Ons het baanoffisiere in die Vereniging nodig wat ywerig sal werk en bereid sal wees om een Saterdag 'n maand op te offer om uit te help te Masada Skietbaan. 'n Sertifikaat sal aan u uitgereik word.**

## PRESTIGE AAND:

Baie geluk aan die volgende persone wat trofees, balkies en pryse gewen het.

### BALKIE TOEKENNINGS:

| NAAM: | BOSVELD | VLAKTE | PRESTIGE |
|---|---|---|---|
| Frikkie van Staden | Goud | Brons | |
| Martinus H.J. van Staden | Goud | Brons | |
| Johannes M. Du Plessis | Silwer | | Brons |
| Theron Wessels | Silwer | | |
| Johannes J. Kloppers | Silwer | | |
| Nicholas T. Du Preez | Silwer | | |
| Frederick P. J. Earle | Brons | | Brons |
| Deon Scheepers | Brons | | |
| Herklaas P. Ebersohn | Brons | Goud | Silwer |
| Johannes L. Pretorius | Brons | | |
| Gretchen du Plessis | Brons | | Silwer |
| Frederick A. Van Staden | | Brons | |
| Tokkie Kruger | | | Goud |
| Jan A. Aukema | | Silwer | |
| Helmuth C. Bothma | | Silwer | |
| Jan C. Bondesio | | Silwer | |
| Hans J. Van Rooyen | | Brons | |
| Pieter W. Swanepoel | | | Brons |
| Hendrik B. Rautenbach | | | Brons |

### TROFEE TOEKENNINGS:

| TROFEE: | VIR: | NAAM & VAN: |
|---|---|---|
| Jan Bondesio Trofee | Beste Bosveld Skut | Frikkie van Staden |
| Fred Earle Trofee | Beste Vlakte skut | Herklaas P. Ebersohn |
| Theron Wessels Trofee | Beste Prestige skut | Marius Krüger |
| Panorama Gastehuis Trofee | Beste Dames skut | Gretchen du Plessis |
| Steyn Trofee | Beste Junior skut | Frederick A. Van Staden |
| Venter Trofee | Beste Senior skut | Frederick P.J. Earle |
| Louw Joubert Trofee | Victor Ludorum | Herklaas P. Ebersohn |
| Frikkie van Staden Trofee | Spanskiet | Johan Pretorius<br>Jan Bondesio<br>Charles Bresler<br>Paul Eksteen |
| Dawie Fourie Trofee | Meriete Trofee | Sydney Wells |
| Martiens van Staden Trofee | Versamelaar van die jaar | Santie Meyer |

**<u>JAGTER VAN DIE JAAR – SERTIFIKAAT:</u>**

Baie geluk aan TOKKIE KRUGER.

**<u>BOBAAS SKUT:</u>**

Herklaas P. Ebersohn
Martinus H. J. Van Staden

***Ons wil net baie geluk sê aan al die Trofee wenners en veral Santie Meyer, dis die eerste keer in die geskiedenis dat 'n vrou die Versamelaar van die jaar is.***



## <u>MANDJIE DANS 2014</u>



Met die Algemene Jaarvergadering is besluit om weer 'n mandjiedans te hou. Ons doen 'n beroep op alle lede om hulle kant te bring en te help om die projek 'n reuse sukses te maak.

Meer inligting rondom die mandjiedans sal so spoedig moontlik deurgegee word.

# <u>NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 7 FEBRUARIE 2014 TE PANORAMA GASTEHUIS OM 18h30.</u>

1. **OPENING**
Mnr. Tok du Preez open met skriflesing en gebed.

2. **VERWELKOMING**
Die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom.

3. **PRESENSIE**
Alle lede teenwoordig teken die presensielys soos aangeheg.

4. **VERSKONINGS**
Sien aangehegte lys.

5. **MOSIES**

5.1 **Lede oorlede gedurende 2013.**
Jan Boer, Coen Pieterse en Martiens Snyder.

5.2 **Lief en leed**
Mnr Japie Spanio se dogter sterk tans aan by die huis na die afsterwe van haar tweeling kinders. Mnr Paul Brits was in 'n motorongeluk en is steeds in die hospitaal waar hy aansterk, ons gebede is ook met hom en sy familie. Die Voorsitter word sterkte toegewens met sy hospitalisasie

6. **KONSTITUERING**
Die lede teenwoordig vorm 'n kworum.

7. **VASSTEL VAN SAKELYS**
Die sakelys soos gesirkuleer word vasgestel.

8. **NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
Die Notule van die vorige vergadering het gesirkuleer en word goedgekeur sonder enige wysigings.

9. **VOORSITTER VERSLAG**
Die Voorsitter lewer sy verslag, waar hy van die punte op die sakelys reeds aanspreek en behandel die punte van belang en grondwet wysiging. Dit word in die notule hieronder weergegee. Die Voorsitter verslag word deur die lede aanvaar.

10. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE**

10.1 **FINANSIËLE VERSLAE**

10.1.1 **Voorlegging en goedkeuring van begroting:**
Mnr. Nic Pretorius, aangestelde rekenmeester, hou die begroting voor. Dit word goedgekeur en aanvaar.

10.1.2 **Voorlegging en goedkeuring van finansiële verslag:**
Mnr. Nic Pretorius hou die finansiële state voor. Dit word goedgekeur en aanvaar.

10.1.3 **Vasstelling van ledegeld**
Mnr. Pretorius stel voor dat ledegeld bly onveranderd vir 2014. Ledegeld vir die hooflid is R325.00, familielid is R175.00, pensioenaris is R275.00. Baan fooie bly onveranderd. Die voorstel word aanvaar.

10.1.4 **Aanstel van Rekenkundige Beampte**
Mnr. Pretorius word aangestel as die BWAV se Rekenkundige Beampte.

**10.2 VERSLAE**

**10.2.1 Versamelaars Komitee**

Mnr. Bresler lewer 'n kort verslag. Hy bedank die komitee vir hulle hulp deur die jaar. Die volledige verslag is by die kantoor beskikbaar.

**10.2.2 Toegewyde Jagters, Baanoffisiere en Opleiding**

Mnr. Earle lewer 'n kort verslag. Die volledige verslag is by die kantoor beskikbaar.

**10.3 CHASA**

Hierdie punt is bespreek tydens die Voorsitter verslag. Die voorstel word gemaak dat die affiliasie by Chasa gestaak word. Die voorstel word eenparig deur die lede aanvaar.

**10.4 SPORTSKIET**

Die saak word van die sakelys verwyder. Sal raporteer as dit nodig is.

**11. NUWE SAKE**

**11.1 JAARPROGRAM:**

Die jaarprogram is reeds gesirkuleer, en word aangeheg by die Agenda. Dit is ook beskikbaar by die BWAV kantoor.

**11.2 GRONDWETWYSIGING**

Die grondwetwysing word bespreek tydens die Voorsitter verslag.

11.2.1 Die Bestuur stel voor dat addisionele lede nie weer verkies word nie, maar dat lede eerder deur die Bestuur gekoopteer word vir spesifieke take. Die voorstel word so aanvaar.

11.2.2 Die Bestuur stel voor dat die woord bywoon vervang word met die woord deelneem. Na 'n debat gaan dit oor tot stemming. 55 Lede stem vir die wysiging. Dus sal die grondwet dienooreenkomstig verander.

**11.3 FONDSINSAMELINGS PROJEKTE VIR 2014**

**11.3.1 Mandjiedans**

Daar word weer 'n mandjiedans gehou, maar ons wil die fokus vestig op die jagpakkette wat te wen is.

**11.3.2 Spanskiet**

Die spanksiet gaan bemark word en dit dien as ledewerwing.

**11.3.3 Inligtingstuk**

Die doel is om die inligtingstuk te gebruik as bemarking.

**11.4 JAGTERS FORUM**

Die Voorsitter van die Jagters forum rapporteer dat vergaderings geskeduleer word vir die Polisie en dan daag die Polisie nie op nie.

**11.5 OPLEIDING**

Opleiding vind voortdurend plaas. Die Voorsitter spreek sy trots uit teenoor die Junior lede wat by die BWAV aangesluit het.

**11.6 MASADA SKIETBAAN – NETHEID**

Mnr Chris Schutte praat spesifiek oor die netheid van Masada skietbaan en voel dat elke persoon agter hom-/haarself kan opruim en skoonmaak.

**12. VERKIESING VAN NUWE BESTUUR**

Die nominasies word eenparig goedgekeur.

12.1 Voorsitter – Theron Wessels
12.2 Sekretaris – Daleen Rautenbach
12.3 Toegewyde Jagter komitee – Fred Earle
12.4 Versamelaars komitee – Charles Bresler

**13. BEDANKINGS**

Die Voorsitter bedank die volgende persone:
Mnr Hendrie en Mev Karen Kapp vir die gebruik van die lokaal en die moeite met die ete.
Mnr Sydney Wells vir die klank
Daleen Rautenbach en Elbie Kruger vir die papierwerk en tafel beman.
Aan die mede Bestuurslede word dank betoon vir hulle toegewydheid en ondersteuning.

Vergadering verdaag

# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054

Geaffilieer by NAACSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990

E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

---

## JAARPROGRAM 2014

| | |
|---|---|
| 11 Januarie 2014 | **Sportskiet**: handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders) |
| 21 – 24 Januarie 2014 | Finansiële state lê ter insae by die BWAV Kantoor. |
| 7 Februarie 2014 | **Algemene Jaarvergadering** |
| 8 Februarie 2014 | **Sportskiet**: handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders) |
| | **Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaars bring gewere. |
| 15 Maart 2014 | **Bosveldskiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 12 April 2014 | **Sportskiet**: jaggewere |
| | **Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaars bring handwapens. |
| 17 Mei 2014 | **Vlakteskiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 31 Mei 2014 | **Kremetart skietdag**: Versamelaars aktiwiteit |
| 16 Augustus 2014 | **Sportskiet en opleiding**: handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders) |
| | **Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaars bring haelgewere. |
| 13 September 2014 | **Prestige skiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 11 Oktober 2014 | **Sportskiet**: handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders) |
| | **Versamelaars aktiwiteit**: Versamelaar van die Jaar kompetisie en uitstalling. |
| 14 November 2014 | **Prestige aand** |
| 15 November 2014 | **Spanskiet** |

**BELANGRIK**

**Alle skietaktiwiteite vind te MASADA SKIETBAAN plaas en begin om 08:30. Tydens kompetisies mag net met jaggewere en nie met skyfskietgewere geskiet word nie.**

**Versamelaars aktiwiteite is van 10:00 tot 11:00. Bring versamelstukke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae met versamelstukke kom skiet.**